Department of
Education

GOVERNMENT OF
WESTERN AUSTRALIA

# Die behoefte vir jongmense om betrokke te raak by die wêreld van werk

## Inligting vir ouers en versorgers

---

Studente het geleenthede nodig om by werkgewers te leer oor werk, betaalde werk en die vaardighede wat in die werkplek waardeer word. Dit geld vir alle studente, hetsy hulle op soek is na direkte toegang tot universiteit, van voorneme is om verdere opleiding te onderneem wanneer hulle die skool verlaat, of van plan is om reguit in die arbeidsmag in te beweeg.

Om by die wêreld van werk betrokke te raak, help jongmense om die relevansie te verstaan van wat hulle op skool leer, verbreed hul horisonne, verhoog hul aspirasies en beklemtoon die reeks werksgeleenthede en beroepsrigtings wat vir hulle oop is.

Jongmense het geleenthede nodig om:

- te bewys dat hulle betroubaar is
- te bewys dat hulle weet hoe om te werk
- selfvertroue te verbeter
- vaardighede te ontwikkel.

Geleenthede vir jongmense om die wêreld van werk te ervaar sluit in:

- deeltydse en ongereelde poste
- werkplekleer en werkservaring deur 'n skoolprogram
- werkskadu
- vrywilligerswerk
- werkplekbesoeke
- werkproewe en internskappe
- sportklubs
- entrepreneurskappe en 'start-ups'.

Hierdie ervaring sal help om die kennis en vaardighede op te bou wat nodig is om werk te verseker en vol te hou, en om in die werkplek te vorder.

### Opbou van werksvermoë

Werksvermoë verteenwoordig die mees waardevolle, erkende en gewaardeerde gedrag of houding in die werkplek. Werkgewers beklemtoon toenemend die behoefte dat werknemers werksvermoë moet hê en kan demonstreer.

Noodsaaklike indiensneembaarheidsvaardighede wat deur die Nasionale Vaardigheidskommissie geïdentifiseer is, sluit in:

D22/0034614
9/02/2022
CC BY
Exclusions may apply

- Interpersoonlike en mensevaardighede
- Organisasie- en beplanningsvaardighede, Betroubaarheid en motivering
- Kritiese denke en probleemoplossing
- Kommunikasie- en spanwerkvaardighede
- Aanpasbaarheid en
- Digitale geletterdheid


D22/0034614
9/02/2022
Exclusions may apply